**Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.**

10 SEPTEMBER 2017

# GEMEENTEBULLETIN

REFORMEREND VORENTOE

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

**BIDDAG VIR REëN**
vandag in Stellenberg

**OGGENDDIENS**
Genade... vir die aarde.
Gen. 1, 2 en Deut. 22:6-7

**MEDITATIEWE DIENS**
Om (nie) te dink (nie)
Prediker 1:12-18

**KRUISDIENS**
My goeie aarde!
Genesis 1:25 - 2:4

**JEUGDIENS**
Ontmoet wat ons glo
Markus 8:27-30

**DEUROFFER**
VGK Vosburg

## EREDIENSTE

| | | | 10 September | | 17 September | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Visagie | 2 | Ds. Gericke | 3 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Duvenhage | 7 | Prop. vdW'huizen | 8 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Ds. Gericke | - | Geen diens | - |
| 09:00 | Grootsaal | Blokdiens | Klouterkerk | - | Geen diens | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Ds. Kotze | - | Ds. Kotze | - |
| 19:00 | Kapel | Kruisdiens | Ds. Gericke | 13 | Philipp Dietmann | 11 |

## DS. GERICKE AFSKEIDSPREEK – 17 SEPT

Alle lidmate word uitgenooi na ds. Bremer Gericke se afskeidspreek op Sondag 17 Sept om 09:00 in die kerk. Neem kennis dat die Meditatiewe diens op 17 Sept by die oggenddiens aansluit. Na die diens word volwassenes genooi om tee en verversings saam met Bremer en Erna in die grootsaal en markplein te geniet. Kinders sal almal roomyse ontvang.

## TOERUSTINGSESSIE DEUR BRAAM HANEKOM

Braam Hanekom het onlangs die *Global Leadership Summit* by die Willow Creek gemeente in Chicago saam met ongeveer 7000 konferensiegangers bygewoon. Wêreldbekende kerk- en sakeleiers o.a. Andy Stanley, Sheryl Sandberg, CEO van Facebook en Laszlo Bock van Google het opgetree. Op Maandag 18 Sept om 19:00 gee Braam 'n kort aanbieding in die Kleinsaal om die tweedag konferensie vir ons op te som. Kom luister wat, volgens bg. sprekers, die basiese vaardighede is wat leiers benodig om in komplekse tye 'n verskil te maak. Toegang gratis, maar bespreek asb. jou plek by navrae@stellenberg.co.za / 021 976 4519 (Karin).

## JEUGDAGBOEK

- SENIOR KATEGESELEIERS - opleiding om 17:00 in die kleinsaal op Sondag 10 September.
- KLEINGROEPE vir jong volwassenes kom op Woensdae en Donderdae bymekaar.
- ALIVE vir studente: elke Sondag om 17:00 tot 18:00, bo-vertrek.
- UITREIK na Pampoenkraal: Saterdag 9 September.
- GRAAD 9 & 10 KAMP: 22 tot 24 September. Inskryfvorms by jeugkantoor beskikbaar. Ons benodig ook leiers! Indien jy 'n leier wil wees, stuur 'n epos na sunet@stellenberg.co.za
- DELFT-uitreik: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.

## GRAAD 7 OUERS

Vandag, 10 Sept word alle graad 7 ouers uitgenooi om die graad 7's se kleingroepbyeenkomste 10:00 in die jeuglokaal by te woon. Die verantwoordelike gebruik van sosiale media word bespreek.

## GEBEDSGROEP DINSDAGAAND 19:00

Ons nooi alle lidmate om in te skakel by ons informele gebedsbyeenkoms elke Dinsdagaand om 19:00 in die kapel. Bring gerus jou gebedsversoek of kom bid in klein groepies saam met ander. As jy by die WhatsApp-gebedsgroep wil aansluit, stuur asb. jou nommer en naam na 082 877 9773 (Retha).

## LENTETEE VIR MA EN KROOS

15 September om 10:00 tot 12:00 in die Markplein. Vrouens wat soggens tuis is en voorskoolse kinders het, word uitgenooi na 'n saamkuier op 15 September vanaf 10:00-12:00 in die Markplein. Bring jou kinders saam - daar sal 'n toesigdiens wees. Koste is R50 en sluit 'n cappuccino / tee en iets te ete in. Bespreek jou plek by Karin Barter (navrae@stellenberg.co.za / 021 9764519).

## VERKIES TOT DIE KERKRAAD

- Marius Eugene du Randt, is verkies as ouderling (jeug).
- Matthew Duncan, Tulbaghlaan 6 is verkies as ouderling (jeug).

### KATEGESE LOKALE

| | |
|---|---|
| Gr 1 | Kleinsaal |
| Gr 2&3 | Grootsaal |
| Gr 4,5 &6 | Kerk |
| Gr 7 | Jeuglokaal |
| Gr 8 | Jeuglokaal |
| Gr 9 | Kerk |
| Gr 10 | Grootsaal |
| Gr 11 | Kleinsaal |

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za

### WOLSKENKINGS

Wolskenkings word dringend benodig. Gee asb. bydraes by die kerkkantoor af.

## KLEINGROEPE@STELLENBERG

Indien jy belangstel om by 'n kleingroep (gesinsgroep, gebedsgroep, groep vir afgetredenes/jongmense) in die gemeente aan te sluit, meld na die diens by die informasiepunt buite die kerk aan, of stuur 'n e-pos na navrae@stellenberg.co.za.

Stel ons ook in kennis indien jy reeds by 'n kleingroep ingeskakel is. Stuur 'n e-pos met jou groep se besonderhede na navrae@stellenberg.co.za

## SENIORWEEK

Alle senior lidmate is welkom by hierdie geleenthede.

*Sondag 17 Sept:* Oggenddiens om 09:00 in die kerk - ds. Gericke.

*Maandag 18 Sept:* Daguitstappie per bus na Hopefield. Blomme, bye en die Bremer-huis – vervoer, middagete, orreluitvoering, besoek die Bremer-huis en Simply Bee, alles ingesluit @ R130 per persoon. Vertrek 08:00 en terug 17:00.

*Woensdag 20 Sept:* 'n Verskeidenheidsprogram 10:00 – 11:00 deur die Edna's (plaaslike kunstenaars met sang en voordrag), heerlike verversings met koffie en tee, alles @ R20 per persoon, kleinsaal.

Bespreek en betaal vir 18 en 20 September by Karin by die kerkkantoor teen Woensdag 13 September.

## DR. RICHARD BLACKABY

Dr. Richard Blackaby, medeskrywer van "Beleef God", besoek op 11 en 12 Nov. ons gemeente. Saterdag 11 Nov om 08:00 tot 12:30: Geestelike leierskap @ R150 pp & Sondag 12 Nov om 09:00 in die kerk.

## VOSBURG KAROOKUIER

Hartlik dankie aan alle lidmate wat die Vosburg Karookuier ondersteun het. Groot dank ook aan Karen en Poena Visagie wat verantwoordelikheid vir die oorhoofse reëlings aanvaar het asook elke lidmaat wat hulp by onderskeie dienspunte aangebied het. Dit bly 'n spanpoging en ons is dankbaar dat ons Vosburg gemeente op dié wyse kan ondersteun.

### EDELWEISS

Donderdag 25 Mei om 15:00 en 15:45 uit Openbaring 9: 1 – 21. Die vyfde en sesde trompette wat oordeel aankondig.

Sondag 28 Mei om 17:30 Nagmaal uit Romeine 8: 1 – 18 Die Heilige Gees laat ons liggies hardloop.

### NUWE INTREKKERS

Hartlik welkom aan nuwe lidmate in die gemeente. Meld asb. na die oggenddienste by die inligtingtoonbank aan, of stuur 'n e-pos na navrae@stellenberg.co.za

### EDELWEISS ALGEMENE JAARVERGADERING

Donderdag 21 Sept om 15:00 in die eetsaal.

Almal is welkom om dit by te woon.

### CON SPIRITO KOOR

Mozart Requiem: koor, orkes en 4 soliste. Saterdag 16 September 19h30

NG Kerk Bellville Uitsig, Ridgeworth.

Kaartjies R125 en R90 by Webtickets of by die deur.

## REFORMASIE FEESWEEK

Stellenberg se viering van die Reformasie 500 jaar gelede bereik 'n hoogtepunt met 'n Feesweek (5 – 12 November) in die vierde kwartaal. Die program is soos volg:

- **Feesdiens** 5 November om 09:00 – Prof. Robert Vosloo, verbonde aan die fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch.
- **Tafelgesprekke** met bekende sprekers vanaf 6, 8 en 9 Nov. Kaartjies beloop R100 p.p. per aand. Dit sluit wyn, sap, koffie en 'n vingerete in. Indien jy al drie aande bywoon, kos die kaartjie R250 per persoon. Daar is slegs 100 kaartjies per aand beskikbaar, koop dus jou kaartjie betyds.

  **6 Nov** 18:30 tot 20:30: Reformasie & ekonomie – Prof. Piet Naudé

  **8 Nov** 18:30 tot 20:30: Reformasie & onderwys – Prof. Michael le Cordeur

  **9 Nov** 18:30 tot 20:30: Reformasie & demokrasie – Aartsbiskop Thabo Makgoba

- **Feeskonsert** 12 November om 19:00 tot 20:00 met Zorada Temmingh (orrelis) en die US Konservatorium Kamerkoor onder leiding van Martin Berger. Kaartjies R50 per persoon. Kaartjies vir die feeskonsert asook die tafelgesprekke is weeksdae by die kerkkantoor tussen 08:00 en 13:00 te koop, of Sondae na die oggenddienste by die inligtingstafel.

## DIE KUILSRIVIER 16 SEPTEMBER

Die Nasionale Opruimingsweek vind plaas van 10 tot 17 September. Stellenberg is betrokke by die opruiming van die Kuilsrivier. Sal lidmate wat op Saterdag 16 September wil help asseblief 'n e-pos stuur aan Estelle Lategan, estellelategan@gmail.com

Sy sal al die besonderhede oor die projek aan jou stuur.

### LUISTER EN LEEF VROUEKAMP

Plek: Die Eiland, Jonkershoek

Tema: Lewende Water

Datum: 20 - 22 Oktober

Koste: R 400

Besprekings: aletta@vdv.house / 0822931789

### GEMEENTEKAMP

Teken die datum aan - ons gaan vanaf 1 tot 3 Desember by die Riverzicht kampterrein, Robertson kampeer.

### VAKATURE CHRISMAR VILLAS

Vakante betrekking vir 'n Asisstent-verpleegster by die verswakte afdeling.

Aansoeke kan voor 15 Sept. by ontvangs te Jessiestraat 25, Chrismar, Bellville afgelewer word.

Kontakpersoon:

Mev. E van der Westhuizen
021 9101250